

# DIE ONTLEDING VAN GEDIGTE

## 1. UITERLIKE BOU VAN 'N GEDIG (Shape of the poem)

'n **Vers** is 'n enkele versreël. (**verse**)

'n **Strofe** bestaan uit 'n aantal verse (versreëls) wat 'n eenheid vorm. (**stanza**)

Ons kry die volgende strofe-indeling:

- (a) **Koeplet** – twee versreëls
- (b) **Tersine** – drie versreëls
- (c) **Kwatryn** – vier versreëls
- (d) **Kwintet** – vyf versreëls
- (e) **Sestet** – ses versreëls
- (f) **Oktaaf** – agt versreëls



## 2. RYM (Rhyme)

Die herhaling van eenderse klanke.

### 2.1 Halfrym

- (a) Alliterasie – die herhaling van dieselfde konsonant(e) in 'n versreël. Bv. Hy staan skaars skouerhoog.
- (b) Assonansie – die herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël. Bv. Hy gaap en gaan nou slaap.

**Funksies van halfrym:**

- (a) Klankversterkend en klanknabootsend.
- (b) Sekere woorde word beklemtoon.
- (c) Dit kan 'n sekere atmosfeer skep.

### 2.2 Volrym

Wanneer die vokale en konsonante as 'n groep herhaal word. Die posisie van die rymwoorde in die versreël bepaal eindrym of binnerym.

- (a) Paarrym – aa bb
- (b) Omarmde rym – a b b a
- (c) Kruisrym – a b a b
- (d) Gebroke rym – a b c a
- (e) Slagrym – a a a a



### 2.3 Beginrym (at the beginning)

Die beginwoorde van die versreëls rym met mekaar.

Bv. ***vrolik** kyk die tweetjies na mekaar,  
**olik** vertrek hul later met 'n traan...*

### 2.4 Binnerym (middelrym) (in the middle)

'n Woord in die versreël wat rym met 'n woord aan die einde van dieselfde versreël.

Bv. *“Stil in die **duister** lê 'k so en **luister**”*

### 2.5 Eindrym (at the end)

As die laaste woord van die versreël (nie noodwendig elke versreël nie) rym.

Bv. *“My naakte siel vir sonder **skrome**  
in alle eenvoud tot jou gaan,  
soos uit diepe slaap ons **drome**,  
soos teen skemerlig die **bome**  
opreik na die bloue maan.”*

### Rymdwang:

Dit is soms moeilik vir die digter om by die rymskema te bly. Die woord word dan verander om in die rymskema te pas.

Bv. *“In elke grashalm se **vou**  
blink 'n druppel van **dou**,  
en vinnig verbleek dit tot ryp in die **kou!**” (**koue**)*

## 3. ANDER ASPEKTE BY DIE ANALISE VAN 'N GEDIG

### 3.1 Enjambement

Dit is wanneer een versreël sonder enige leestekens in die volgende versreël oorgaan.

#### Funksies van enjambement:

- (a) Dit verdoesel (versterk, versag) die rym.
- (b) Dit het 'n uitwerking op die tempo en ritme.
- (c) Dit bevorder vloeiendheid en suggereer sodoende beweging.

(d) Dit dien as bindmiddel tussen versreëls en tussen strofes.

### 3.2 Ellips (beletselteken)

Dit is die weglatingspuntjies in 'n gedig. Die sin word onvoltooid gelaat.

#### Funksies van ellips:

- (a) 'n Deel word verswyg sodat dit aan die leser se verbeelding oorgelaat word (leser moet self sy gedagtes invoeg).
- (b) Dit kan 'n ruspose aandui.
- (c) Dit kan die aandag vestig op 'n belangrike deel wat volg.

### 3.3 Leestempo

Tempo (tydmaat) dui die snelheid van beweging aan wanneer ons lees of voordra. Tempo kan stadig of vinnig wees.

'n **Stadige tempo** word bewerkstellig deur:

- lang klanke,
- baie leestekens,
- woorde wat beklemtoon word.

'n **Vinnige tempo** word bewerkstellig deur:

- kort klanke,
- enjambement,
- die afwesigheid van leestekens.

### 3.4 Titel


Dit is dikwels die sleutel tot die inhoud van die gedig en toon verband daarmee.

'n Titel van 'n gedig vervul 'n belangrike rol:

- (a) Dit ontsluit of verklaar die inhoud.
- (b) Dit vat die kerngedagte saam.

### 3.5 Subtitel

Dit is 'n onderafdeling wat onder die titel verskyn.



LOUIS DIE LAEVELD-LEEU  
wim bosman

### 3.6 Tipografie

Dit is die manier waarop 'n gedig **gedruk** is.

**Dit sluit die volgende in:**

- wyse waarop die reëls of woorde geplaas word (alleenplasing, inkeping)
- strofepbou
- lettertipes
- lengte van versreël
- skuinsdruk (kursief)
- hoof- en kleinletters

### 3.7 Tema

Die tema van die gedig is die kern waaruit die hele gedig spruit. Dit is die idee of die kerngedagte. Die tema ontwikkel dwarsdeur die gedig. Dit is dus die lewensles wat uit die gedig gekry word en is nie tyd-, plek-, omstandigheid- of karaktergebonden nie. Die tema is die universele toepassing.

### 3.8 Wending

Dit is wanneer daar 'n verandering (ommekeer) in die gedig kom. Die teenstellende voegwoord "maar" dui dikwels 'n wending aan.

### 3.9 Ritme

Ritme word gekenmerk deur beweging – een van die uitstaande kenmerke van poësie.

### 3.10 Beeldspraak

- (a) **Vergelyking:** twee sake word met mekaar vergelyk (woorde soos **net soos, soos** en **nes**). Bv. *Die man is so lank soos 'n paal.*
- (b) **Metafoor:** Twee sake wat met mekaar verband hou, word gelyk aan mekaar gestel. Bv. *Die man is 'n paal.*
- (c) **Personifikasie:** Die toedig van menslike eienskappe aan lewelose dinge. Bv. *Die maan waak oor die nag.*

### 3.11 Stylfigure

- (a) **Ironie:** Daar word, om groter effek te kry, op spottenderwys die teenoorgestelde gesê as wat bedoel word. Bv. “*Jy is nou ‘n **troue** vriend om my so in die steek te laat.*”
- (b) **Woordspeling:** Skrywer maak op ‘n behendige wyse gebruik van woorde wat verskillende betekenisse kan hê of woorde wat eenders klink. Bv. *Die huwelik is ‘n **goue** ketting – **gou** om te breek.*
- (c) **Klimaks:** Die leser word tot die hoogtepunt van ‘n reeks woorde of mededelings gelei. Bv. “*Ek het gekom, ek het gesien, ek het oorwin.*”
- (d) **Antitese:** Twee uiterstes word teenoormekaar gestel en so deur die kontras die aandag sterk te vestig op dit wat gesê word. Bv. *Die lief en leed van die lewe.*
- (e) **Klanknabootsing (onomatopie):** Die nabootsing van klanke of geluide. Bv. “*Die **gedoef-doen** van koeëls het om my gedreun...*”
- (f) **Inversie (omgekeerde woordorde):** Daar word van die gewone woordorde afgewyk ten einde die klem op ‘n sekere woord of sinsnede te laat val. Bv. “*Nee, bang sal ek nie wees nie.*”
- (g) **Herhaling (repetisie):** Deur sekere woorde te herhaal, word ‘n bepaalde gedagte beklemtoon en so word die nodige effek verkry. Bv. “*Die **heuwels, heuwels, heuwels**, net sover ‘n mens se oog kan sien.*”
- (h) **Retoriese vraag:** Dit is die vraag waarop daar nie ‘n antwoord verwag word nie omdat die antwoord vanselfsprekend is. Dit intensiveer ook die gedagte. Bv. “*Kan ‘n ma haar kind vergeet?*”

### 3.12 Letterlike en figuurlike betekenis

iets wat werklik gebeur, is letterlik. Bv. *Sy het haar hart vir haar broer gegee.* (Sy het haar hart aan haar broer geskenk.)

iets wat ‘n ander betekenis inhou, word figuurlik bedoel. Bv. *Sy het haar hart vir die man gegee.* (Sy het op hom verlief geraak.)

### 3.13 Progressie

Die vooruitgang en ontwikkeling (gegewens loop op tot ‘n hoogtepunt). Bv. *vererg, vervies, kwaad word, woede-uitbarstings.*